
# Circles Within Circles: Girlfesto

## "ONS IS ONTOEGEEFLIK! ONS SAL GESLAGSGEBASEERDE GEWELD BEËINDIG!"

**Quebec | 8-11 Julie 2018**

***Montebello Girlfesto***




*Die Montebello Girlfesto kom vanuit die* **Circles Within Circles: Transnational Perspectives on Youth-led Approaches to Addressing Gender-Based Violence**, *byeenkoms wat vanaf 8 tot 11 Julie 2018 in Montebello, Kanada, gehou is. Die deelnemers het hierdie Girlfesto op die finale dag van die byeenkoms opgetrek. Die geleentheid het meisies en vroue saam met navorsers, verteenwoordigers van nasionale en internasionale NGO's en beleidskrywers vanaf Kanada, Suid-Afrika, Kenia, Swede en Rusland bymekaar gebring. Dit het voorleggings deur meisies en jong vroue ingesluit wat geslagsgebaseerde geweld toespreek, sowel as die kunsgebaseerde werkswinkels, sessies vir belanghebbendes en internasionale uitstalling, Speaking Back, wat uit voorstellings vanuit sewe lande bestaan. Die doel van hierdie internasionale byeenkoms, wat alle generasies insluit, was sodat inheemse en nie-inheemse meisies en jong vroue met mekaar kan kommunikeer, om kennis en praktyke te deel, om te netwerk en om van mekaar se deelnemende visuele en ander kunsgebaseerde benaderings te leer om geslagsgebaseerde geweld aan te spreek. Hoewel geslagsgebaseerde geweld universeel is en diskriminasie en ongelykheid deur kolonialisme en patriargie onderstut word, is kontekstuele benaderings nodig om dit aan te spreek, wat terselfdertyd ook seksuele oriëntasie en geslagsidentiteit in ag sal neem.*

*The Sisters Rising is groep meisies en jong vroue wat die belangrikheid van aktiewe deelname in beleidsamestelling en programontwikkeling illustreer. In hulle kreatiewe stuk beklemtoon hulle die noodsaaklike rol van bande skep met ander meisies, vrouegenootskap, om nasionale sowel as internasionale konneksies te vestig, om kommunikasie en metodes vir die bou van kennis, wat terselfdertyd pret is, te bewerkstellig en om geleenthede te hê vir die ontwikkeling van vaardighede en kennis.*

**Bydraers vir die Montebello Girlfesto:** Indigenous Young Women's Utopia (Treaty 6 Saskatchewan, Kanada) | Sisters' Rising (British Columbia, Kanada) | Eskasoni (Nova Scotia, Kanada) | Girls Leading Change (Suid-Afrika) | Young Girls Leading Change (Suid-Afrika) | Gender Activists (Suid-Afrika) | Social Ills Fighters (Suid-Afrika) | Leaders for Young Women's Success (Suid-Afrika) | Ange School (Swede) | McGill University (Kanada) | University of Victoria (Kanada) | Mount Saint Vincent University (Kanada) | York University (Kanada) | Nelson Mandela University (Suid-Afrika) | University of KwaZulu-Natal (Suid-Afrika) | First Nations University | G(irls)20 | United Nations Girls Education Initiative | Canadian Women's Foundation (Kanada) | Pauktuutit (Inuit Women of Canada) | Gorbachev Foundation (Rusland) | Youth Coalition for Sexual and Reproductive Rights | Trudeau Foundation Scholars (Kanada)

McGill | IDRC | CRDI | Fondation Trudeau Foundation | University of KwaZulu-Natal Inyuvesi Yakwazulu-Natali | Social Sciences and Humanities Research Council of Canada / Conseil de recherches en sciences humaines du Canada | Canada | Networks 4 Change

# Ons soek vryheid, nie slegs veiligheid nie

## BEGINPUNT

Die *Montebello Girlfesto* is gebaseer op die mening dat die insluiting van meisies en jong vroue as kennishouers en leiers saam met die onderlinge ondersteuning van alle belanghebbendes wat geslagsgebaseerde geweld toespreek, sentraal is vir die veranderinge wat gemaak moet word om die droom van veiliger gemeenskappe 'n realiteit te maak, waar meisies en vroue as gelykes en met resprek behandel sal word.

## VISIE

*"Ons soek vryheid, nie slegs veiligheid nie"*

Ons visie vir ideale wêreld sonder geslagsgebaseerde geweld verg die nastrewing van die beginsels van Ekwiteit, Gelykheid, Geregtigheid en Waardigheid vir alle mense. Hierdie visie is deur die gebruike wat diversiteit vier, gekarakteriseer, deur openlike kommunikasie en aktiewe luister te gebruik. Dit word deur die illustrasie uitgebeeld, wat deur 'n groep meisies en jong vroue wat aan die *Circles Within Circles* deelgeneem het, geskep is, om te wys watter tipe wêreld hulle aan toegewyd is om te skep.

## OM HIERDIE VISIE TE REALISEER, MOET ONS ALMAL

- Leer om ongemaklik te wees.
- Die diversiteit van ondervindinge herken en erken.
- Hoor en nie net luister na meisies en jong vroue nie.
- Mag en voorreg binne in ons gemeenskappe herken.
- Die mikro-aggressies en laterale geweld binne ons gemeenskappe herken.
- Oop hart en oop denke hê wanneer daar na die kringe van dialoë beweeg word
- Narratiewe verhale deel (insluitend verhale oor sukses en dapperheid).
- Aanhoudend oor die gebruike en gedrag wat geslagsgebaseerde geweld aanbring, reflekteer en hoe dit anders gedoen kan word.
- Mekaar as individue respekteer en liefhê en mekaar se ooreenkomstes en verskille vier.
- Sisters' Keeper-houding aanneem, wat beteken dat ons vir mekaar uitkyk en mekaar ondersteun om te verseker dat ons as individue groei.
- Herken dat seuns en jong mans van hierdie gesprekke oor geslagsgebaseerde geweld moet deel wees.

## ONS VRA DAT ALLE BELANGHEBBENDES

*(Internasionale, nasionale, provinsiale en plaaslike beleidmakers en gemeenskapsleiers en nie-regeringsorganisasies)*

- Nuuskierig, nadenkend, oop, ondersteunend en grootmoedig sal wees deur na die stemme van meisies en jong vroue te luister en hoor en om gewillig te wees om deel te neem aan meertalige gesprekke.
- Om die grond, liggame, gees en nasies te dekoloniseer, insluitend Metis (in Kanada) en ander voorouerlike tuislande: dit beteken dat die verbintenisse van die jong meisies en vroue se ervarings met grond en water in die globale konteks erken moet word, dat hulle regte, hoogste mag tot die grond, natuurlike wette en vryheid herstel kan word sodat die jong meisies en vroue as hulleself kan leef.
- Gedeelde en spesifieke koloniale geskiedenis en hulle impak op verskillende gemeenskappe aanspreek.
- Veilige omgewing vir meisies en vroue op alle vlakke en in alle ekologieë geskep word.
- In bronne sal belê (insluitend bronne wat kunsgebaseerde metodes ondersteun) wat jong meisies en vroue sal ondersteun om aan kulturele produksie deel te neem.
- Die onregverdige beleide wat geslagsgebaseerde geweld aanmoedig, sal betwis en verander.
- Dat beleide toeganklik gemaak sal word (deur publieke, digitale en fisiese omgewings te skep en taal te gebruik wat maklik verstaan kan word)
- Die uitkomstes naspeur en monitor om die werk/kollektiewe pogings wat die geslagsgebaseerde geweld op individue, gemeenskappe en beleide het, sal aanspreek.
- Politiese samewerking te bewerkstellig om geslagsgebaseerde geweld aan te spreek
- Ondersteuningsprogramme en beleide sal ondersteun wat help verseker dat gemeenskappe sonder alkohol-en dwelmmisbruik sal bly.
- Kulture en politiek wat geslagsgebaseerde geweld ondersteun nie sal duld nie
- Inisiatiewe soos die hutsmerkbewegings #Imnotafraidtosay-beweging (Ek is nie bang om te sê nie) en die #MeToo-beweging (Ek ook) ondersteun en om stemme nie stil te maak nie.
- Omgewings sal skep, veral opvoedkundige omgewings vir emosionele, sielkundige, geestelike en fisiese geheelheid vir meisies en jong queer mense.
- Op die narratiewe verhale oor kwesbaarheid van die meisies en jong vroue sal reageer en om hulle werking te ondersteun.
- Hulpmiddels en metodes sal ondersoek wat jong meisies en vroue sal ondersteun om hulle begrip van geslagsgebaseerde geweld te konstrueer en daaroor te kommunikeer.
- Projekte wat geslagsgebaseerde geweld toespreek in globale kontekste sal bevorder.
- Maniere sal ontwikkel om verskillende inisiatiewe en befondsingsgeleenthede te deel (om beide die jong meisies en vroue te ondersteun en om 'n bewustheid ten toon te stel oor die bekommernisse van die jong meisies en vroue).
- Sal toewy om met meer mans en seuns gesprek te voer oor geslagsgebaseerde geweld.

## AS GEMEENSKAPSLEDE SAL ONS ONS TOEWY OM

- Aan te dring op die belangrikheid van waardigheid.
- Meisies en jong vroue se aktivisme te ondersteun.
- Die belangrikheid van inisiatiewe, wat die werk op geslagsgebaseerde geweld in globale konteks in ag neem, te erken, veral die ondersteuning van jong meisies en vroue om aan hierdie werk op 'n globale vlak deel te neem, soos in die geval van geleenthede soos *Circles Within Circles*.
- Meisies en jong vroue se deelname as vennote in beleidskonstruksie te verhoog.
- Jong seuns en mans in die dialoë en aktivisme in te sluit om geslagsgebaseerde geweld te beëindig.
- Plaaslike, nasionale en internasionale leiers aanspreeklik te hou om geslagsgebaseerde geweld aan te spreek.

## AFSLUITING

Hierdie *Girlfesto* erken die noodsaaklike rol wat meisies en jong vroue kan speel tydens die konseptualisering, beplanning en fasilitering van geleenthede verwant aan hulle lewens en belange. Bowenal erken dit die belangrikheid daarvan om na die stemme van meisies en jong vroue te luister en dit beklemtoon die belangrikheid van jong meisie-geleide en vrou-geleide dialoë en leergeleenthede.

Vir meer inligting kontak vir Claudia Mitchell: **claudia.mitchell@mcgill.ca**